trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 27 AUGUSTUS 2017

Ons gemeente vier vandag die sakrament van die Heilige Nagmaal. Almal wat by die kerkraad aansoek gedoen het om as besoekers saam Nagmaal te vier, is hartlik welkom, tensy die teendeel persoonlik aan u meegedeel is.

OGGEND 09:00

GOD SE BELOFTES DRYF ONS OM KERK TE WEES

Skriflesing: Handelinge 2

Nuwe dinge is opwindend en vreeslik interessant, maar wanneer ons daaraan gewoond raak, raak dit sommer ou nuus. Soms gebeur dieselfde met ons godsdiens. *Die evangelie is wonderlik*, maar later word dit ook maar ou nuus en val ons bloot in die roetine van "kerk toe gaan". Dit is egter nie wat die evangelie beteken nie – die beloftes van God dryf ons om kerk te wees en nie maar net te verval in roetine nie.

AAND 19:00

DIE HERE WY ONS SODAT ONS DEEL KAN HÊ AAN SY FEESMAAL

Skriflesing: Sefanja 1

Die dag van die Here kom. Soveel keer hoor ons dat iemand die datum gekry het vir die koms van die Here, en tog is daar geen wederkoms wat plaasvind nie. Die Here self sê dat sy dag sal aanbreek waarop daar geoordeel sal word.
As gelowiges hoef ons egter nie te vrees dat hierdie oordeel ons tot die dood toe verdoem nie. God berei 'n feesmaal voor vir hulle wat Hy genooi het.
Kom deel aan die Nagmaal waarmee ons vorentoe kyk met afwagting op die koms van die Here.

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 29 Augustus
Bybelstudie 18:30
Bybelstudie 19:00

Woensdag, 30 Augustus
Bybelstudie 09:00

Vrydag, 1 September
Manne-oggend 05:45

SONDAGAANDE: 4E KWARTAAL

Datum	Geleentheid
27 Augustus	Nagmaal (19:00)
3 September	Dienskneg ontdekkingsreis
10 September	Dienskneg ontdekkingsreis
17 September	Dienskneg ontdekkingsreis

facebook.com/GKTrinitas

2 Familie

LIEF EN LEED
Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Ita Schrap ☎0768879456 ondergaan steeds kankerbehandeling.
- May Bezuidenhout ☎0825842703, ondergaan steeds kankerbehandeling in Pretoria.
- Hennie Kruger ☎0721243155 worstel steeds met siekte.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 was die afgelope week by 'n spesialis in Johannesburg.
- Hannes Malan ☎0834586996 is in Verg. Medi-Clinic intensief opgeneem, dit gaan beter met hom.
- Ben du Plessis ☎0825057039 ontvang steeds kankerbehandeling. Hul woon nou in Siësta.
- Marie Swart ☎0839435455 het probleme met haar bene.
- Henna du Preez ☎0169814538 is in Emf. Medi-Clinic opgeneem.
- Mariet Voges ☎0721248152 en Toekie van Wyk☎0797766550 ondergaan steeds dialise.
- Lia vd Westhuizen ☎0827078932 is siek met bronchitus.
- Ons bid ook vir André Duvenage ☎0837387368.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

27/08	Bets Barnard	☎0796371539
27/08	Hester Geere	☎0760410545
28/08	David Botha	☎0169860355
29/08	Martie Booysen	☎0724147115
29/08	Pieter Labuschagne	☎0828762697

29/08	Tina Odendaal	☎0790140103
29/08	Rhonda Pretorius	☎0169325517
29/08	Johann Reinecke	☎0823741690
29/08	Trudie Tromp	☎0847412067
31/08	Lindi Retief	☎0824714999
31/08	Marie Oliver	☎0723830800
01/09	Abraham Swanepoel	☎0169336035
01/09	Toekie van Wyk	☎0797766550
02/09	Aidan Pile	☎0824677104
02/09	Simon Snyman	☎0836304696
02/09	Susan van Bemmel	☎0835534495
02/09	Susan van Rooy	☎0828782338
02/09	Bianca Viljoen	☎0749288000

SPESIALE VERJAARSDAE
27 Aug. Bets Barnard, 83.
28 Aug. David Botha, 81.
31 Aug. Marie Viljoen, 80.
1 Sep. Abraham Swanepoel, 83.

HUWELIKSHERDENKINGS

2 Sep.	Charles en Magda Conroy ☎ 0823344769	45 jaar

SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)
Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

HUISBESOEKVORMS
Indien jy huisbesoek deur enige ampsdraer wil ontvang, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie (by die deure beskikbaar)** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

BYBELSTUDIES
Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).
Dinsdae om 19:00.
Woensdae om 09:00 by die kerkgebou.

VERJAARSDAGTEE
As familie vier ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae. Die volgende verjaarsdag-tee vind op 22 Oktober plaas. Groete: Gasvryheid-diensgroep.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 en 19:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
Pieter van Helden, Fanie vd Merwe

DIAKENS AAN DIENS
Lieke Visser en Marie Oliver

KOSTER AAN DIENS
Elsa Prinsloo

KOLLEKTES
Onder die erediens vir Diakonale Kas
27/08 – Koningskinders
03/09 – SAVF Shelter

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span.

GEHOORAPPARATE
Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

TEESKINK
Vanoggend is daar nie tee nie. Sondag, 3 September skink Elize du Plessis se groep. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

JEUGBEDIENING

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 30 Julie:
Graad 1 – 3
EENHEID 5: MY KERKFAMILIE
Graad 4 – 6
EENHEID 5: REIS SAAM MET JOSUA
Graad 7 – 9
EENHEID 3: VRUG VAN DIE GEES
EENHEID 4: BEREIK JOU WÊRELD

Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)
VERLOSSING

*Alle jeugleiers gaan so ver moontlik volgens die beplanning werk, maar indien daar ander reëlings is, sal dit aan die jeug in die betrokke grade deurgegee word. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte en die temas kan ook gebruik word tydens gesinsbybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas in die nuusbrief nie, aangesien hulle ook mag afwyk. Dit sal wel goed gekommunikeer word op hulle WhatsApp groepe. J****eugkleingroepe vir Graad 7 – 11 sal Sondae om 16:30 plaasvind****.*

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING
Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Die kinders word in drie groepe verdeel en begelei. Ons versoek dat ouers van 2-3 jariges asseblief die klas saam met hul kinders moet bywoon indien moontlik.
Ons benodig meer mense om te help!
Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met Petra Tromp kom gesels. Kontak gerus ook vir Petra ☎0823316151 met enige verdere vrae en voorstelle.

DIENSGROEPE
Agter in die saal, langs die welkomtoonbank, is daar plakkate met al die huidige diensgroepe van Trinitas. Kyk gerus daarna en kontak die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP
Indien jy belangstel om deel te word van die siekebesoek diensgroep, kontak gerus vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741 of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen

MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)
Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.



Koördineerder:
Gert Voges

Tel: 082 816 8577
E-pos: gvoges@telkomsa.net

Vervoer-span

Doel van die diensgroep

Om gemeentelede na en van gemeente geleenthede te vervoer

Bedieningsgeleenthede

- ✓ Bestuurders – om mense met die gemeente kombi te vervoer
- ✓ Saamry – om een of twee gemeentelede op pad na 'n geleentheid op te laai en weer af te laai
- ✓ Kombi was – help daarmee om die gemeente kombi mooi skoon te hou
- ✓ Aande – om mense te help om die aandbyeenkomste by te woon deur saamrygeleenthede aan te bied

PROJEK – GROEIPYNE
Trinitas-familie het 'n wonderlike probleem! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite op die terrein benodig ons ekstra stoorplek sodat ons die bestaande lokale doeltreffend kan gebruik. As spesiale projek wil ons 'n skeepsvrag-houer (*container*) aankoop. Die koste beloop ongeveer R25 000. Enige bydraes hiervoor kan gemaak word in ons rekening. Merk dit as 'Groeipyne'.

Die HELPER

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Theuns Odendaal ☎0832561387.

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

KRUIDENIERSWARE BENODIG
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop **(plaas skenkings in die groot houer in die saal)**: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, pakkies sop, rys, blikkies gemengde

groente, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Baie dankie. Indien jy graag wil help om eenkeer per maand die kruideniersware-pakkies te pak, kan julle gerus jou naam deurgee aan die kerkkantoor of Jolani Lourens ☎0823359586.

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal by die herwinningsarea af tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste. Daar is 'n werker wat dit uitsorteer. Kontak Maureen van Helden ☎0823922093 vir die volledige lys.

VERSPREIDING VAN KLERE
Kontak Jan van der Westhuizen ☎ 0844890144 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR AUGUSTUS
Vandag. Nagmaal 09:00 en 19:00
Familie-ete 12:00

GKSA NUUS
OP DIE KENNISGEWINGBORD
- Geopende Deure
- GK Jeugkantoornuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- FEBA Radio
- Toneelstuk: "Uit Diep van Donder nagte"
- Nuus uit Madagaskar
- Frankfort Riviertoer
- NG Noord: 16 Sep. Francois Le Roux
- Studentewoonstel te koop

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KRUISPAD
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

KLEIN ADVERTENSIES
- Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief.
- Laerskool, graad 8 en graad 9 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop hoenders, lam-, skaap-, bees- en varkvleis. Kontak hom gerus vir pryse.
- KUNSKLASSE graad 8 – 12

Het jy 'n passie vir kuns? Kom raak deel van 'n kreatiewe omgewing! Kontak Rineke Visser 071 877 8260.

TRINITAS-BOEKHOEK
Franciska vd Merwe ☎0827818032.

AFLOSKOSTERPOS
Die afloskosterpos is steeds beskikbaar. Indien jy belangstel, kontak Gerrit van Wyk, ☎0823328550.

HULPVERLENING
'n Seun in ons gemeente moet 'n operasie ondergaan om 'n gewas te verwyder. Addisionele finansiële bystand word benodig. Indien jy kan bydra, kontak Jan vd Westhuizen, ☎0844890144.

KONTAKBESONDERHEDE
Indien jou e-posadres, telefoonnommer of straatadres verander het, gee dit asb. deur aan Elsabé by die kerkkantoor ☎016925017 sodat die lidmaatregister op datum gebring kan word.

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za
GKTrinitas
Kerkkantoor: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
Skriba: Gerrit van Wyk 0823328550
Koster: Elsa Prinsloo 0794778699
Afloskoster: VAKANT
Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449
Diakonie bankbesonderhede:
ABSA Tjekrekening 530340457
Predikant: Peter Venter
☎0797338778
peter@gktrinitas.co.za

DIENSKNEG-ONTDEKKINGSREIS

3 SEPTEMBER – 22 OKTOBER
ONTSLUIT JOU DIENSWERK!

trinitas = diensknegte

Maar hoe dien ek?

WAT het die Here vir jou gegee in jou persoonlike styl
WAT het Hy vir jou gegee waarmee jy ander kan dien
WAAR wil Hy jou spesifiek gebruik

Hierdie kursus strek oor 5 Sondagaande (begin om 18:00):

3 September	– Geestelike gawes: Hoe werk dit?
10 September	– Wat het ek ontvang?
17 September	– In-diepte ontdekking
15 Oktober	– Jou persoonlike styl
22 Oktober	– Roeping: Waar moet ek dien?

Eet saam, sing saam, ontdek saam, dien saam!
Geen kostes nie; donasies is welkom
Registreer tot en met 27 Augustus

REGISTRASIE: ***SMS nou jou NAAM en VAN na 0839694472***

GKTrinitas